Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, July 21, 2022

Page: 25





# Egskeiding: Pasop vir skielike skuiwe na trust

**Die hartseer van huwelike in Suid-Afrika is dat tot 18% van alle huwelike mettertyd op die rotse loop. Die spreekwoordelike huweliksbootjie van geluk is dan nie meer varend die toekoms in nie. Egskeiding hou ook groot finansiële implikasies in waarop gelet moet word.**

In die praktyk word boedeleienaars soms geadviseer om bates uit hul persoonlike boedel te verskuif na ander instellings of mense, en veral trusts, om die finansiële gevolge van egskeiding vry te spring.

Onder normale omstandighede sou dit heel aanvaarbaar wees as 'n boedeleienaar besluit om bates na 'n trust te verskuif om boedelbeplanningsdoelwitte op lang termyn te bereik.

Uiteraard moet bates op die regte wyse geskuif word.

Daar moet gebruik gemaak word van óf 'n skenking óf 'n armlengte-verkooptransaksie om die bates te verskuif.

Daar is ook ander, ingewikkelde metodes, soos om 'n bate te gebruik vir 'n aandeletransaksie, maar dit word vir die doeleindes van hierdie rubriek buite rekening gelaat.

## MAG NIE ANDER BENADEEL

Die feit is egter dat daar 'n verpligting by enige redelike persoon lê om nie stappe te doen wat uiteindelik die regte van skuldeisers of die ander party in 'n egskeiding benadeel nie.

So 'n geval het plaasgevind toe 'n welvarende sakeman (dit kon netsowel 'n boer gewees het) en sy liefde uit sy skooldae besluit het om hul huwelik te beëindig. Die twee was buite gemeenskap van goedere met insluiting van die aanwasbedeling getroud. Derhalwe moes die boedelwaarde van albei partye by die egskeiding in ag geneem word om die aanwaseis te bereken.

Die feite van die saak (PAF v SCF (788/2020) [2022] ZASCA 101 [22 Junie 2022]) staan só:

- Die paartjie is in 2001 buite gemeenskap van goedere getroud, maar met insluiting van die aanwasbedeling.
- In Junie 2013 het die applikant (mnr. PAF) die respondent (me. SCF) om 'n egskeiding gedagvaar.
- Die applikant se boedel het ingevolge die huweliksbedeling 'n groter toename in waarde gehad as dié van die respondent, met die gevolg dat die respondent die helfte van die verskil in toename van waarde geëis het.
- Slegs 20 dae voor die begin van die hofgeding (Maart 2015) het die applikant 'n trust opgerig in die regsgebied van die Britse Maagde-eilande en onverwyld die ekwivalent van R2,2 miljoen geskenk aan die trust wat slegs sy minderjarige dogter as begunstigde het.
- In dieselfde tyd het die applikant R3,3 miljoen na sy vader se rekening oorgeplaas synde die terugbetaling van 'n lening te wees wat sy vader 25 jaar gelede aan hom gemaak het.
- Nadat die respondent bewus geword het van dié skenking en betaling is haar eis aangepas om hierdie bedrae in ag te laat neem in die berekening van haar eis ingevolge die aanwasbedeling.

Die vraag het dadelik ontstaan of die applikant sodanige transaksies met voorbedagde rade uitgevoer het en met die uitsluitlike doel om die wettige eis van die respondent te verwater.

Die hooggeregshof in Pietermaritzburg het in Maart 2016 'n egskeidingsbevel uitgereik, maar uitspraak voorbehou ten opsigte van die berekening van die aanwaseis.

In November 2017 het die hof beslis dat die transaksies inderdaad met voorbedagte rade (*fraudulent intentions*) gedoen is met die uitsluitlike doel om die respondent se belange en eis te benadeel en dat albei die bedrae in ag geneem moet word in die berekening van die aanwaseis.

Die applikant het aansoek gedoen om te appelleer, wat uiteindelik van die hand gewys is.

## TRUSTS NIE ONAANTASBAAR

Die appèlhof het in sy uitspraak gesê die applikant het deur sy optrede veroorsaak dat die skans wat trusts in die algemeen bied, in hierdie geval geïgnoreer moet word.

Die respondent se argument was dat die proses van truststigting en die gevolglike skenking die algemene beginsels van die gebruik van trusts misbruik het, en die hof het haar gelyk gegee.

Wat hierdie hofsaak en ander, soos Badenhorst v Badenhorst (2006 [2]) SA 255 (SCA), ons leer, is dat die trust as beskermingsvoertuig vir 'n boedelbeplanner nie misbruik moet word nie en dat enige stappe om bates te verwater deur dit skielik na 'n trust te verskuif, beslis nadelige gevolge inhou.

Die noodsaaklikheid dat boedel- en struktuurbeplanning reeds in 'n vroeë stadium van 'n mense se ekonomiese bedrywighede noodsaaklik is, kan nie oorbeklemtoon word nie.

Indien bates mettertyd, met die samewerking van die huweliksmaat, oorgedra word na 'n trust vir die regte redes en met edele bedoelings, is die kans op gevolge soos hierbo geïllustreer uiters skraal.

Wat dalk nog belangriker is, is dat die sogenoemde "vetoreg" wat steeds in die praktyk in menige trustakte gevind word, 'n onding is in die oë van die regbank. Dit kan die gevolg hê, indien gebruik, dat die bates in 'n goedbedoelde trust in ag geneem word by die berekening van boedelbates, met die gevolg dat diegene wat daardeur bevoordeel moes word, die bates nooit kan ontvang nie. **LBW**

*Mnr. Johan Brandt is 'n lid van Fisa en 'n regs-en-sakekonsultant verbonde aan Allegiance Consulting (Edms.) Bpk.*

NAVRAE: E-pos: **info@allegiance.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.